



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. *10 April 2022*

Vanoggend

Skrifgedeelte: Matteus 21:1-11

Tema: Wie is Jesus vir jou?

Die entoesiastiese skare wat Jesus in Jerusalem verwelkom het, het verwag dat Hy hulle met kragdadige optrede sou bevry. Hy het dit nie gedoen nie, want dis nie sy styl nie. Daarom het hulle Hom verwerp.

Ons Program

Vandag: Palmsondag

- **Formele Erediens** om 9:30 olv ds. Jaco Thom
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer:** Teologiese Beursfonds

14 April: Wit Donderdag

Die aand voor Jesus gekruisig is, het Hy die nagmaal ingestel. Ons gaan daarom om 18:00 saamkom en Jesus se kruisdood gedenk en ook nagmaal vier. Die diens sal na Ons Woning uitgesaai word.



Vrydag 15 April: Goeie Vrydag

Sondag 17 April: Paasfees

- **Erediens** om 9:30 en Ons Woning om 11:00 olv ds. Jaco Thom.
- **Sondagskool & Kategese**
- **Deuroffer:** Plaaslike behoeftige leerders

Ons Bybellees-program

Ons begin vandag met die Brief aan die Kolossense.



Só glo ons


Die Heidelbergse Kategismus

Vraag 38: Waarom het Hy onder die regter Pontius Pilatus gely?

Antwoord: Sodat Hy onskuldig deur die wêreldlike regter veroordeel sou word en ons daardeur sou bevry van die streng oordeel van God, wat oor ons moes kom.

Vraag 39: Sit daar iets meer in dat Christus gekruisig is en nie op 'n ander manier gesterf het nie?

Antwoord: Ja, want daardeur is ek seker dat Hy die vervloeking wat op my gerus het, op Hom geneem het, omdat die kruisdood deur God vervloek is.



Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week. Baie geluk! Mag dit 'n jaar vol van die Here se seëninge en genade vir elkeen van julle wees.

April

11 **Baba Roode (90j);** Wynand van der Berg

14 **Ina Bouwer (82j)**

15 Lizane Odendal

16 Toitjie Odendal; Mariza Odendal



Huweliksherdenking

April

16 Stefan & Janiné Bester (6j)

Voorbidding

- Betta van der Watt in hospitaal
- Oorlog in Oekraïne, vredesonderhandelinge, vlugtelinge en slagoffers



Moedersdagbasaar - 7 Mei

Die Vrouebediening in samewerking met die kerkraad is kliphard aan die reël vir dié basaar. As 'n kerkraadslid by jou uitkom met 'n basaarlys, vra ons dat jy dit asb ruim sal ondersteun. Ons het die finansies baie nodig! Ons vra baie mooi asseblief dat alle vorms **teen 11 April** sal in wees.

Vrouebediening: Projek vir 2de kwartaal

SERPE vir die SKOOL

Double Knitting-wol

25 steke, 1 meter lank. Indien gleufie in gebrei word, net 85 cm lank.

Navy of grys vir die skool.

Enige kleur en patroon vir by die koshuis in die koue aande.

Dit moet asb teen 24 Junie by die kerkkantoor wees.



NG Kerk Petrusburg
Joungkamps
22-24 April 2022
Alle kinders tussen 10-17jaar oud
Rsvp asb voor 8 April
Marnus Nel 076 128 6998
kenades • Potjiekos • Nagmars • Boeresport • Lofprysing

SLUIT BY ONS AAN!
MANNE AAND
KARIBU GASTEHUIS
PETRUSBURG
Veiling
Wild | Wyn | Vleis
Spit ete @R150 per persoon
Kontak 076 128 6998 vir bespreking
Vrydag | 18:00
13DE
Mei 2022
NG KERK PETRUSBURG

Ten Slotte

Gebed vir die Groot Lydensweek



Almagtige en ewige God,
U het in u tere liefde vir die menslike geslag
u Seun, ons Verlosser Jesus Christus, gestuur
om ons swakheid op Hom te neem
en te sterf aan die kruis.
Gee dat ons sy voorbeeld sal volg
van geduld en nederigheid,
en deelgenote aan sy opstanding mag wees;
deur Jesus Christus u Seun ons Here,
wat leef en met U regeer
in die eenheid van die Heilige Gees,
een God, nou en vir ewig.

vertaal uit The Book of Common Prayer

Leraar: **Jaco Thom** 084 523 1157 jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
Kantoor: **Madette Lombaard** 053 574 0279 ngkpetrusburg@gmail.com
Orrelis: **Elmien Thom** 084 562 3434 elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
Koster: **Annamarie Dercksen** 072 499 4262 annamarie.dercksen@yahoo.com
Webwerf www.ngkerkpetrusburg.co.za facebook [NG Kerk Petrusburg](https://www.facebook.com/NGKerkPetrusburg)
Kantoorure Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00
Bankrekening ABSA Tjekrekening 2610580001